

DIE SKIETLOOD

Uitgawe 120 - 22 September 2017
saam met Koersvas 120



NGB Artikel 12 – deel twee van twee

en Hy het ook die engele goed geskep om sy boodskappers te wees en sy uitverkorenes te dien.

Die oorsprong van die engele kan ook na die skepping teruggevoer word. Naas die sigbare werklikheid van die skepping, is daar ook 'n onsigbare werklikheid wat ewe eens die werk van God se skeppings handeling is. Die engele is nie aan God gelyk nie, is nie onsterflik nie, is nie almagtig nie. Hulle het wel 'n losser verhouding met tyd en ruimte, maar is beslis nie alomteenwoordig nie. Dit is belangrik om die Bybel ernstig op te neem om te verseker dat ons verstaan van engele nie deur onbybelse of paganistiese beelde vertroebel word nie. God het die engele geskep om 'n dubbele rol te speel in die skepping. Psalm 148:2-5 *“Prys Hom, alle engele, prys Hom, alle hemelwesens! Prys Hom, son en maan, prys Hom, alle sterre! Prys Hom, hoogste hemele, en waters in die hoë hemelruim! Laat hulle die Naam van die Here prys, want Hy het beveel en hulle is geskep”; Daar is 'n dubbele doel wat aan hulle bestaan toegedig word. Hulle is daar om God se boodskappers te wees en om God se uitverkorenes te dien.*

Die Engellelogie (Angelologie - leer oor die engele) word afgeskep deur baie kerke en die gevolg is dat mense se verbeelding hoogty vier in die gemeenskap se nadenke oor hierdie boodskappers van God. Dit terwyl die woord 'engel' 194 keer in die Bybel verskyn en die meervoud 'engele' 88 keer. Baie van die verwysings in die Ou

Testament na Engel van die Here is inderdaad eufemisme om te verwys na God self. Tog is daar genoeg voorbeelde van wesens wat engele genoem word in die Bybel. Nie minder nie as 179 teksverse in die Nuwe Testament verwys na 'n engel of engele.

Die Bybel verwys na verskillende soorte van engele. Die engele openbaar God se mag en heerlijkheid: Die Serafs (Engels – *seraphim*) wat in Jesaja 6 (*“Serafs het bo Hom gestaan; elkeen het ses vlerke gehad: met twee het hy sy aangesig bedek, en met twee het hy sy voete bedek, en met twee het hy gevlieg”*), genoem word, beskerm die heiligheid van God. Die aartsengele (Gabriël en Migael) dra God se kern boodskappe ten opsigte van die heilsplan aan mense oor. Sekere engele was boodskappers (המלאכים) wat God se werk op aarde kom doen (Genesis 19).

Die bekende gedagte dat elkeen van ons 'n beskermengel het, is nie Skrif getrou nie. Jesus skimp wel ten opsigte van kinders in daardie gedagterigting. Matteus 18:10 *“Julle moet nooit een van hierdie kleintjies minag nie, want Ek verseker julle dat hulle engele in die hemel gedurigdeur by my hemelse Vader is”*.

Daar word groot gewag gemaak van die geestelike stryd en veral die vermaaklikheids-media vertel van skouspelagtige gebeurtenisse en van die engel krygers wat teen demone veg. Die beeld kan nie in die Skrif terug gevind word nie. Die leërskare van die hemele is nie in 'n stryd teen die bose en die demone gewikkel nie. Die stryd is reeds

gewonne, die slag geslaan. Golgota is ons waarborg dat die stryd reeds deur Christus gevoer is en Hy het oorwin. Daar is nie nou nodigheid vir engele om nog teen die bose oorlog te voer nie. Die NGB verstaan die rol van die engele as hierdie tweeledige taak van boodskappers wees en uitverkorenes dien (lees Genesis 24:7,40 en Daniël 6:22 as voorbeelde van engele wat beskerm). Om hierdie taak te kan volvoer, is engele geestelike wesens wat in 'n ander dimensie as die fisiese besig is.

Die Modernisme het die engelelogie ook beïnvloed. Die klem op die sigbare en toetsbare het gemaak dat mense die bestaan van engele verwerp. Vir die Reformatore was die bestaan van engele onproblematies omdat hulle 'n ander wêreldbeeld gehad het. Dit is met ander woorde die modernistiese wêreldbeeld wat maak dat mense twyfel oor die bestaan van engele. Engele word nie bely as deel van ons geloof nie, ons geloof is geloof in God. Wanneer die Bybel ons dan sekere dinge bekend maak, kan ons vertrou dat die Bybel oor hierdie sake ook met ons eerlik is. Engele gaan nie ophou bestaan net omdat mense hulle bestaan verwerp nie. In dieselfde asem moet duidelik gestel word dat die betroubaarheid van die stelling dat engele bestaan en die waarheid van God se openbaring nie wederkerig op mekaar inwerk nie. Die Bybel se fokus is op ons saligheid, nie om te bewys dat engele bestaan nie..

Sommige van die engele het uit die verhewenheid waarin God hulle geskep het, in die ewige verderf geval, maar die ander het deur die genade van God in hulle oorspronklike toestand volhard en staande gebly.

Daar is met ander woorde twee soorte engele. Ons lees in Job 4:18 *“Kyk, in sy dienaars stel Hy geen vertrouwe nie, en by sy engele ontdek Hy dwaling.”* Engele het met ander woorde ook 'n keuse en sommige engele het teen God gekies, in opstand gekom teen God en die taak wat Hy aan hulle gegee het. Net soos mense, kan engele ook dwaal, en die sogenaamde gevalle engele het presies dit gedoen. Die engele wat in diens aan God volhard, ken ons steeds as engele. Engele se bestaan is in beginsel beperk. Hulle het 'n begin (skepping) en is as skepsels daarom aan 'n einde onderworpe. Tog is dit duidelik dat die aanslae van tyd nie dieselfde effek op hulle het as wat dit op die mens het nie. Engele is duidelik rasonale en intelligente wesens, anders sou keuse en opstand nie in verwysing na hulle gebruik kon word nie. Die engele wat in opstand gekom het, ken ons as duiwels en bose geeste. Dit is belangrik om raak te sien dat duiwels en bose geeste nie 'n eie bestaan het nie. God het alles goed geskep en 'n deel van die onsigbare skepping het net soos die mens gekies om in opstand teen God te kom. Die verhewe stand van die engele was vir sommiges onder hulle nie genoeg nie. Hulle opstand het ander resultate as die mens se opstand. Die mens se opstand (sondeval) het gelei tot die koms van die Messias sodat almal wat glo, gered kan word. Die engele se opstand ken geen tweede kans nie. Engele wat in opstand gekom het, is gedoem vir tyd en ewigheid.

Die duiwels en bose geeste het só ontaard dat hulle vyande van God is sowel as van alles wat goed is.

Die gevalle engele se totale verlorenheid het tot gevolg dat hulle alle bande met die

mooi, die goeie, die loflike verbreek het. Hulle nuwe bestaan is een wat so ontaard het dat hulle teen alles is wat goed is. Daar is nie ruimte om dink dat engele iewers nog 'n vonkie van hoop het nie. Diegene wat hierdie gevalle engele minder boos wil voorstel as wat hulle is, maak 'n fout. Duiwels is nie verander nie, hulle het ontaard tot wesens wat aktief stry teen alles wat goed is.

Soos moordenaars loer hulle op die kerk - ook op elke lidmaat - om dit met alle mag in die verderf te stort en om alles deur hulle bedrieëry te verwoes.

Die waarskuwing vervat in die NGB moet ernstig opgeneem word. Gevalle engele het net een negatiewe doel voor oë. Hierdie doel is om alles te verwoes. Self het hulle alles verloor en daarom gun hulle niemand enige goedheid of geluk nie. Hulle het moord in hulle harte. Hulle is nie soldate wat die vyand konfronteer en beveg nie, hulle lê lafhartig op loer soos moordenaars. Johannes 8:44 *“Julle is kinders van die duiwel; hy is julle vader, en julle wil doen wat julle vader wil hê julle moet doen. Hy was van die begin af 'n moordenaar. En hy staan nie aan die kant van die waarheid nie, omdat daar geen waarheid in hom is nie. Wanneer hy leuentaal praat, is dit volgens sy aard, want hy is 'n leuenaar en die vader van die leuen”*.

Daarom staan hulle deur hulle eie boosheid veroordeel tot die ewige verdoemenis en verwag hulle daagliks hulle verskriklike pyniging.

2 Petrus 2:4 *“God het selfs die engele wat gesondig het, nie gespaar nie. Hy het hulle in die hel gestort en hulle laat boei om in die duisternis gevange gehou te word vir die oordeel”*. God se oordeel oor

die gevalle engele is beslis en regverdig. Daar is geen twyfel daaroor dat die duiwels en demone hulle verdiende loon sal ontvang nie. Die voltrekking van God se straf is uitgestel, maar nie afgestel nie. Selfs die demone weet wat hulle voorland is. Ons lees in Matteus 8:29 *“Skielik het hulle begin skreeu: “Wat het U met ons te doen, Seun van God? Het U hierheen gekom om ons voor die tyd te pynig?”*

Daarom verfoei ons ook die dwaling van die Sadduseërs, wat ontken dat daar geeste en engele is;

Daar is twee uiterstes ten opsigte van Angelologie wat verwerp word. Die eerste is die gedagte dat hulle nie bestaan nie. Handeling 23:8 *“Die Sadduseërs ontken dat daar 'n opstanding uit die dood is en dat daar engele en geeste bestaan, maar die Fariseërs aanvaar wel albei hierdie dinge”*. Dit is niks nuut dat mense nie oortuig is dat engele bestaan nie. Die Sadduseërs het die hele Ou Testament tot hulle beskikking gehad en was nogtans daarvan oortuig dat engele nie bestaan nie. So was dit ook in die Middeleeue en elke ander tyd. Vandag is gelowiges steeds verdeeld oor die bestaan van engele. Ons geloof staan en val nie by die bestaan van engele nie, maar ons bly by die belydenisskrifte. Ons doen dit sonder om die Engeleleer so uit te brei dat dit as 'n aparte leer van die kerk verstaan kan word.

ook verwerp ons die dwaling van die Manigeërs, wat sê dat die duiwels hulle oorsprong uit hulleself het en reeds van nature sleg is en nie sleg geword het nie.

Na die ander kant kan die leer oor die bestaan van gevalle engele in dwaling hoogty vier. Diegene wat duiwels en

demone wil verstaan as alomteenwoordige wesens wat inmeng met die menslike bestaan gaan selfs so ver om te stel dat hierdie duiwels so geskep is. Net een moontlike antwoord word gestel, terwyl daar twee moontlikhede is.

Aan die een kant kan hulle bedoel dat God hierdie bese wesens geskep het. Hierdie bewering is nie in lyn met dit wat ons in die Bybel lees nie, veral sover dit die skepping betref. Ons lees in die Bybel dat God alles goed geskep het. Engele wat geval het en demone en duiwels geword het, was derhalwe die gevolg van keuses gemaak uit vrye wil. Ons lees iets van die keuse in I Timoteus 3:6 *“Hy moet ook nie iemand wees wat maar onlangs tot geloof gekom het nie. So iemand kan verwaand word, en in die oordeel kom waarin die duiwel hom laat beland.”* Verwaandheid was waarskynlik een rede wat engele in opstand laat kom het. Ons lees ook in Judas van die vrye keuse wat hierdie engele gemaak het: *“Dink ook aan wat gebeur het met die engele wat hulle nie binne hulle eie magsgebied gehou het nie, maar hulle aangewese woonplek verlaat het. God het hulle met onbreekbare kettings gebind en hou hulle in duister dieptes vir die oordeel van die groot dag”*.

Aan die ander kant is daar diegene wat dink dat Satan demone geskep het. Hulle argument is dan dat die duiwel magtig is maar nie almagtig nie. Tog reken hulle die Bose skeppingsmag toe. Net een kan uit niks skep en dit is God. Die bese is ‘n verterende vuur, ‘n vernietigende mag

wat net wil seer maak en verniel. Die bese neem weg, breek en isoleer. God skep, gee en bind mense saam. Enige gedagterigting wat die bese te veel mag gee, moet verwerp word.

In hierdie konteks moet daar ook gepraat word oor die besetting van mense deur bese geeste. Om van die bese beset te wees, word deur baie mense gevrees en dit word as rede vir radikale gedrag aangedui. Dit is egter ‘n fout om die unieke geskiedenis van Jesus te neem en bepalend te maak vir ons eie situasie. Ons is sondaars, het genoeg sonde van ons eie. Ons het nie nog ‘n bese demoon nodig om sondig op te tree nie. Die bese sal met ander woorde eerder nie in ‘n mens intrek nie, juis omdat dit die mens sal help voor die regterstoel omdat die mens versagting kan pleit. Die bese wil die mens juis vernietig. Enige sondaar en sonde gepleeg deur ‘n mens besete van die bese, kan mos nie die mens toegereken word nie. Die bese wil dan juis alles vernietig.

Die gedagte dat die demone slegte mense slegter wil maak of goeie mense sleg, is ‘n Roomse gedagte wat nie tuis hoort in Reformatoriese denke nie. Ons is sondaars en sondig, met of sonder besetting deur bese geeste. Die bese se teiken is gelowige mense en die kerk. Hulle teiken die kerk en gelowiges deur allerlei dwalings voor te stel. Menseregte en die Postmoderne gees is twee voorbeelde van bese denke wat gelowiges probeer ruk uit hulle oortuiging dat God getrou is en dat ons gered is.